REDAKSIONEEL

IN HIERDIE UITGAWE:

Ons waardeer die bydrae van dr. P. J. Rossouw van Klerksdorp oor "Sleutelmag en amp." Hy het sy BA Honns. aan die PU vir CHO voltooi, aan UP afstudeer en is 'n seun van dr. P. J. Rossouw, belas met ekumeniese aangeleenthede van die N.G. Kerk. Die jonger dr. Rossouw het onlangs onder leiding van prof. J. J. de Klerk aan UOVS gepromoveer en daarvoor in Nederland ook onder leiding van prof. C. Trimp gestudeer. Die vrymoedigheid en geneëntheid van dr. Rossouw om aan *In die Skriflig* uit eie beweging mee te werk, getuig van kollegialiteit en goeie gereformeerde ekumenisiteit.

'n Mens sê seker nie te veel wanneer jy beweer dat juis in Suid-Afrika, en veral in *In die Skriflig* oor die afgelope jare seker meer as elders in die wêreld oor kerkreg en kerkregering in Bybelse sin besin word. Dr. Rossouw vestig die aandag op die sleutelmag as diens, of liewer bediening, deur middel van die amp. Ons het in ons tyd behoefte daaraan dat teen die kompartementering van die sleutels van die hemelryk, wat per slot van sake die een diakonia van die Woord is, op model van afsonderlike teologiese dissiplines, gewaak moet word. Woordbediening, kategese en pastoraat is immers ook die basiese kerkregering. Die bediening van die Woord moet met volmag as sleutelmag in die openbaar, op huisbesoek, in kategese sowel as individueel by tuggevalle geskied.

Dit sluit aan by die bedieningsentriese benadering van die Hervormers wat so duidelik uit die bronnestudie van prof. W. van 't Spijker oor M. Bucer blyk. Die Reformasie was immers in wese 'n hervorming van die kerklike bedieninge en nie die stigting van alternatiewe kerkstrukture teenoor Rome nie.

GELUKWENSING

Aan die Fakulteit Teologie, aan die PU vir CHO, het die volgende persone onlangs studieprojekte suksesvol voltooi en word daarmee van harte gelukgewens:

Dr. J. M. Vorster met prof. P. W. Buys as promotor: *Neo-Marxistiese politieke Teologie in Suid-Afrika* vir Th.D.

Susanne Klepper-Borowik met prof. L. Floor as promotor: *Filial aspects of Jesus' selfconsciousness: A study in New Testament Christology with reference to the Gospel of Luke* vir Th.D.

Chang-Kee Hwang met prof. L. Floor as promotor: *The judgement of the Lord in the Sermon on the Mount* vir Th.D.

Seung-Mi Lee met prof. J. C. Coetzee as promotor: *The Holy Spirit in the Johannine writings with special reference to the relation between the Gospel of John and 1 John* vir Th.D.

Vorster Combrink in Diakonologie: *Skrifgebruik in pastoraat: die standpunt van Jay E. Adams* vir Th.M.

Wynand P. du Plessis in Kerkgeskiedenis: *P. J. W. Schutte as kerkman* vir Th.M.

P. J. Snyman, registrateur by TSP, het in fundamentele Opvoedkunde gedoktoreer met 'n proefskrif oor: *Die bepalers van die gees en rigting van die opvoedende skoolonderwys.*

B.S.